# Poppekas: Sondag 20 Augustus 2023
# Tema: Psalm 8 - Groot Geskep

Ds. Toit nooi al maatjies om voor die poppekas te gaan sit.

Wysmuis: Hallo al die maatjies. Dit is vir my baie lekker om julle almal hier te sien

Stoffel: Haaaaaaaloooooooooo maats

Wouter: More, more almal!!! O , en more Stoffel!!

Wysmuis: (Opgewonde) oooo Maats, ek is baie opgewonde oor die nuwe reeks wat ons nou hier by die kerk doen .

Stoffel: Reeks, watse goed is dit?

Wouter: En is die reeks se naam, Gaan groot of Gaan huistoe?

Stoffel: Ja ja, dit wil ek ook weet.

Wysmuis Nee nee Stoffel, Wouter. 'n Reeks is waar ons vir 7 weke iets nuut leer uit die Bybel. En ons reeks se naam is Gaan Groot.

Stoffel Soos 'n series. Dit klink exciting. En wat is vanoggend se tema?

Wysmuis Groot geskep! Of Groot skepping. Wouter of Stoffel, waaroor dink julle gaan Ds Toit vandag praat?

Wouter: Uhhhhm. Ek dink ek weet wat dit is. Gister by die interskole was daar baie mense. En toe ek die wedstryd wil kyk, toe staan daar 'n baie groot oom reg voor my. Ek dink Hy is 'n groot skepping!

Stoffel: Ja Wouter, ek het ook so groot skepping in die Spar gesien Vrydag!!

Wysmuis: [lag] Nee, nee , nou nie heeltemal so nie- julle 2 nie !

Stoffel Ek wil weer raai, Wysmuis…. Elke keer as ons by my ouma sop eet, dan het sy so "huge" lepel waarmee sy die sop inskep. Sy se dit is haar groot skep ding. Ek dink Ds Toit gaan daaroor praat.

Wouter Ja stoffel- Dit gaan interessant wees.

Wysmuis  Oeeee, Julle 2 is baie kreatief! Ons gaan vanoggend gesels oor Psalm 8. Daar staan : God het die mens so belangrik gemaak dat hy amper soos God is; U maak hom soos ’n koning; God wil hê dat die mens oral moet wys hoe groot Hy is. Ons mense is God se verteenwoordigers hier op die aarde.

Stoffel  Ek verstaan nog nie so mooi nie….

Wysmuis Kom ek verduidelik vir jou Stoffel. God is so lief vir ons elkeen, dat hy ons baie,baie mooi gemaak het. God het ook al die diere, en die mooi natuur gemaak, en hy wil he ons moet mooi na dit kyk!

Stoffel  Ooooo ….nou verstaan ek!

Wouter  Haai….weet julle Die Psalm laat my dink aan die bekende liedjie van Bernice West.

Stoffel  Bernice West, ek weet nie wie dit is nie. Ek luister net na Kurt Darren en Taylor Swift.

Wysmuis: Oeee, ek weet!!! Praat jy van daardie liedjie wat sê Die Here het my mooi gemaak, hy het my baie baie mooi gemaak.

Wouter  Dit is my koppie, Dit is my lyfie, dit is my voete alles vir die Here.

Stoffel  Ohhhh nou weet ek, en dan is die koor- Doenit Lyfie Doenit!!!

Wysmuis :Ja Maats, dit is die boodskap van Psalm 8. Dat die Here ons GROOT Geskep het. Hy het vir jou, vir my, en selfs vir Stoffel en Wouter, Baie baie mooi gemaak!!

Wouter :  En ons kan ons koppies, lyfies,……

Stoffel :  …voete , bene en alles gebruik om vir die Here te dien.

[Sing sommer so in agtergrond… dit is my koppie , dit is my lyfie , dit is my voete]

Wysmuis : Nou op daardie noot ,moet ons vir eers weer groet. Dankie, vir die saam luister maats.... En onthou. Jesus het jou Groot geskep. Hy het jou BAIE BAIE mooigemaak. Jy is baie belangrik vir Hom!!!

Wouter :  O ja , en ek ook !

Stoffel :  Jaaaaaa ! doenit Lyfie doenit!!!!

Almal saam:  Totsiens Maats !!!  tot volgende keer !!!